Magalieskruin Gemeente

Joycelaan 150
Magalieskruin

Posbus 13507
Sinoville 0129

Tel: (012) 548 1245
Faks: 086 535 4797

Webadres: www.magalieskruin.com

E-pos: magaliesklein@telkomsa.net

FAMILIENUUS

Want elkeen behoort aan 'n geestelike gesin

GOD SE VOORSIENING

Oktober 2017

NUUSBLAD van die Kleingroepe:
NG Gemeente Magalieskruin

KLEINGROEPE: NUUS

- Janine Joubert is die kontakpersoon in die kerkkantoor wat die koördinering en skakeling van die kleingroepe hanteer. Indien u wil aansluit by 'n kleingroep kan u haar kontak (012-548-1245) of stuur 'n e-pos aan magaliesklein@telkomsa.net.
- Baie dankie aan ds. Louis Lemmer vir hierdie maand se Bybelstudies.

PITKOS VIR KLEINGROEPE

DIE VERLOOP VAN DIE BYEENKOMS

DIE GEWONE WEEKLIKSE BYEENKOMS VAN DIE KLEINGROEP

'n Tipiese kleingroepbyeenkoms duur ongeveer 90 minute en dan kan nog 30 minute bygereken word vir aankoms en saamkuier. Dit is 'n gevaar om die byeenkoms so lank uit te rek dat lede later huiwer om weer te kom. Die leier moet dissipline toepas en onthou dat die byeenkoms ideaal moet eindig wanneer dit op sy "lekkerste" is. As die volgende dag 'n werksdag is, is dit onbedagsaam teenoor die lede en die gasvrou om die aand te lank uit te rek.

Die groep se weeklikse byeenkomste neem 'n reëlmaat aan, of ons dit so beplan of nie. Sommige groepe volg 'n baie definitiewe program, en ander neem die aand maar soos dit kom. Nogtans is dit **goed om meer intensioneel na ons program te kyk, sodat ons die byeenkomste kan optimiseer**. Ons program moet ons nie rigied vasbind nie, maar 'n sinvolle beplanning help ons om ons doelwitte te bereik. Anders kan dit gebeur dat ons gesprekke "nêrens heen gaan nie" en mense belangstelling verloor.

Die byeenkoms se program sal **ooreenkom met die spiritualiteit van die gemeente van wie dit deel is**. 'n Sekere groep volg 'n tipiese selgroep program, ander het 'n tradisionele omgeegroepmodel en dan is daar groepe wat 'n kontemplatiewe aanslag het. Nogtans is die volgende 'n tipiese verloop van alle soorte kleingroepe – na 'n periode van aankoms en kuier gaan ons byeenkoms deur vyf elemente gesentreer rondom die Woord. Bestudeer die volgende tabel en probeer die vloei van die byeenkoms te verstaan:

SOSIAAL	LOSMAAK	AANBID	WOORD	REAGEER	VASMAAK
SOSIALE DIMENSIE		**Geestelike dimensie**		**Uitreikdimensie**	
MENS TOT MENS	**Mens tot Mens 20 min**	**Mens tot God 10 min**	**God tot Mens 40 min**	**Mens tot God 10 min**	**Mens tot Mens 10 min**
Ons kom aan, ontmoet mekaar en kuier 'n bietjie rondom tee of selfs 'n ete.	Ons begin deur die dag se dinge agter te laat en te fokus op wat voorlê.	Ons betree God se heilige tyd en ruimte in gebed en aanbidding en is gereed vir die Woord.	Ons laat God toe om deur Sy Woord met ons te praat Ons bespreek die Woord en verstaan die implikasies.	Ons reageer deur op God se Woord "ja" te sê in gebed. Ons weet nou wat ons te doen staan hierdie week.	Ons deel inligting of reëlings wat betref ons uitreike, beplan ons volgende byeenkoms en sluit weer by die gewone lewe aan.

Die basiese vloei van die byeenkoms kan dus in drie hoof momente verdeel word:

1) LOSMAAK van die woeilige wêreld en met mekaar sal konnekteer
2) GOD SAL BELEEF deur Sy teenwoordigheid en Woord, om weer te kan
3) VASMAAK aan die gewone lewe, verfris en versterk, en met 'n nuwe besef van missie.

Hierdie drie groot bewegings is waardeur die verstandige leier die groep sal lei. Met dit in gedagte sal elk van die elemente in meer detail bespreek word. Hierdie maand sal ons net na die eerste element in meer detail kyk. Detail van die ander elemente sal in volgende maand se Familienuus verskyn.

1) SOSIAAL – Element 1

Dit is 'n absoluut Bybelse gedagte dat Christene saam eet as hulle saamkom (Hand. 2:46-47, 1 Kor. 11:20-22) en is op baie vlakke 'n seën. Daarom is daar dikwels by die aankoms van die groeplede iets te drinke, of te ete. Let op die volgende:

- Om vooraf te gesels en te kuier gee tyd vir almal om op te daag, en daar kan dan op 'n vaste tyd begin word met die byeenkoms. Die gevaar is natuurlik dat mense later en later opdaag en dat ons die aanvang kan uitstel en uitstel. Die leier moet dus presies op tyd begin om die mense te leer om betyds op te daag!
- Sommige groepe begin vroeër en drink agterna tee ens. Dit stel diegene wat direk na die byeenkoms moet gaan, bv. die met kinders, in staat om

te gaan. Dit werk goed, maar die enigste probleem is dat sommige te lank kan aankuier as die gashere self al moeg is! Dissipline ……

- Sommige groepe eet as ‘n reël saam omdat die lede dikwels nie tyd het om vroeër by hul huise te eet nie (veral in die stad) – hulle eet by die kleingroep. Dit kan lei tot ‘n wonderlike groepsgevoel. Die enigste waarskuwing in die verband is dat die bediening van tee en ete nie in ‘n kompetisie mag ontaard en die verhoudings versuur nie. Die leier moet dus streng riglyne neerlê. Eenvoudige geregte vir heelwat mense is die beste. Wat ook baie goed werk veral met etes, is dat die gasvrou die hoofgereg voorberei en elk van die ander lede vra om van die bygeregte/nagereg te voorsien.

2) LOSMAAK – Element 2 (WORD IN VOLGENDE MAAND SE PITKOS VIR KLEINGROEPE BESPREEK)

Die bostaande gedeelte soos verkry vanuit ‘n Kleingroep Kursus “Kleingroep Dinamiek) saamgestel deur Jimi le Roux, ‘n geordende leraar met ervaring in tradisionele en vernuwingskerke, o.a. as die kleingroep-leier van ‘n megakerk in Johannesburg.)

GOD SE VOORSIENING

INLEIDING

Gedurende die oorlog in die vroeë 1800’s in Europa was die magte van Napoleon besig om Feldkirch in Oostenryk binne te val. Soldate was oral gesien in koppies rondom die klein dorpie. Op Paassondag was die gemeenskapsleiers dringend byeen geroep om te besluit of hulle hulleself sal probeer verdedig of die wit vlag hys. Die pastor van die dorpie het opgestaan en gesê: “*Vriende, vir so lank het ons dinge op ons eie probeer doen, en dit is nou duidelik dat dit nie gewerk het nie. Aangesien vandag die dag van die Here se oorwinning is oor die bose, kom ons los dit in Sy hande oor. Kom ons lui soos altyd maar net die klokke voor die diens en hou die erediens soos normaal en dan los ons die res maar in God se hande. Ons ken net ons eie swakheid en weet min van God se voorsiening*”.

Die leiers het die pastor se voorstel aanvaar en voortgegaan met die reëlings vir die diens. Die klokke het begin lui om die diens aan te kondig, soos altyd. Die Franse Weermag het die klokke gehoor en dadelik gedink dat die Weermag van Oostenryk deur die nag daar aangekom het om die dorpie te

verdedig. Voor die einde van die diens het die Franse Weermag opgepak en weggetrek.

Gedurende die maand van Oktober gaan ons bietjie gesels oor God se voorsiening. Die woorde van die pastor van Feldkirch eggo in my gedagtes: *Vriende, vir so lank het ons dinge op ons eie probeer doen, en dit is nou duidelik dat dit nie gewerk nie. Ons ken net ons eie swakheid en weet min van God se voorsiening.*

Week 1 – "Me, Myself and I "

In sy dagboek skryf die sendeling, Hudson Taylor, in die 1800's, die volgende woorde:

Our heavenly Father is a very experienced One. He knows very well that His children wake up with a good appetite every morning... He sustained 3 million Israelites in the wilderness for 40 years. We do not expect He will send 3 million missionaries to China; but if He did, He would have ample means to sustain them all... Depend on it; God's work done in God's way will never lack God's supply.

Lees Johannes 6:5-7

Besprekingsvrae:

1. Hoekom sou Jesus die vraag in vers 5 aan Sy dissipels vra?

Tweehonderd mense se daglone was tweehonderd dae se werk vir een persoon. Dit was baie geld! Tog is dit duidelik uit die teks dat selfs al sou hulle op een of ander manier tweehonderd dagloners se geld kon gebruik, dit steeds nie genoeg sou wees nie. Dit sou vir hulle maar baie min gegee het.

2. Bespreek in die groep wat die laasgenoemde gedeelte vir julle beteken?

Lees Johannes 10:10

3. Die mens se voorsiening sal altyd te min wees om homself te versadig. Hoe sou jy die gedeelte in Johannes 6:5-7 vergelyk met Johannes 10:10?

Gebed: Vader, vir so lank het ons al op ons eie insigte en voorsiening staat gemaak. Gee vir ons vandag die insig en onderskeiding en dissipline om ten volle op U voorsiening te vertrou.
Amen.

<u>Week 2</u> - Ek glo nie wat ek sien nie

Verlede week het ons gesels oor ons eie voorsiening en hoe dit ons ver tekort skiet. Daar is egter 'n groter probleem wat verhoed dat ons ten volle op God se voorsiening vertrou nl. ons ongeloof ten opsigte van God se voorsiening. Dit is een ding om goed nie uit onsself te probeer oplos nie, maar dit is 'n heel ander uitdaging om werklik op ons Vader te vertrou dat Hy KAN voorsien.

Lees Johannes 6: 8-9

1. Hoe 'n groot rol speel die woordjie "maar" in ons lewens?
2. Hoekom sou Andreas melding maak van die broodjies en die vissies en toe weer Jesus se voorsiening in twyfel trek?

Die dissipels was almal studente van die Woord. Hulle sou geweet het dat dit binne God se vermoë is om 'n wonderwerk te doen. Dit het immers in die Ou Testament al gebeur. Dit is amper asof Andreas weet dat Jesus iets kan doen, maar hy twyfel of Jesus iets wil of gaan doen.

Lees 2 Konings 4:42-44

3. Wat is die verskil in kwantiteit tussen die 2 Konings teks en die teks in Johannes 6?

4. Bespreek die volgende woorde van Hudson Taylor: *God's work done in God's way will never lack God's supply.*

<u>Gebed:</u> Here, gee vir ons bonatuurlike geloof om U te vertrou en seker te weet dat U vir ons kan voorsien in alles wat ons nodig het, ongeag die omstandighede.
Amen.

<u>Week 3</u> - Kan ons ooit tevrede wees?

Daar is 'n storie van 'n man wat op 'n huis se dak gesit het tydens 'n vloed. Hy het gebid dat die Here hom moet red. Terwyl hy bid het daar 'n ander persoon op 'n kano verby gekom en die man geroep om in te klim. Die man op die dak het gesê: "Nee dankie, die Here sal my red".

'n Tweede persoon in 'n roeiboot het verby gekom terwyl die water al hoër styg. Weer het die man gesê: "Nee dankie, die Here sal my red".

'n Derde boot het verby gekom en weer het die man dieselfde gesê en 'n paar minute later het hy verdrink.
In die hemel vra hy toe vir die Here hoekom het Hy hom nie kom red nie.

"Ek het vir jou drie bote gestuur wat jou kon red, maar jy het dit van die hand gewys."

1. Wat kan ons leer uit hierdie verhaaltjie?

Ons almal ken die geskiedenis van die Israeliete in Egipte en die woestyn. Die Israeliete was vir jare lank in Egipte verdruk en uitgemoor. Yahweh red hulle uit Egipte en belowe aan hulle die land van melk en heuning. Tog gebeur dit keer op keer dat hulle kla oor die kos in die woestyn, ten spyte van God se wonderbaarlike voorsiening. Bloot net om dat dit nie was soos hulle dit wou gehad het nie.

2. **Lees** Psalm 37:25 en bespreek in die groep wat dit vir jou beteken?

3. **Lees** Jesaja 55:9.
    a. Deel met mekaar hoe God se voorsiening in jou lewe anders was as wat jy verwag het?
    b. Hoe het dit aan die einde van die dag vir jou uitgedraai?

Gebed: Lees Psalm 25:4-5 as 'n gebed. Dit is egter nie hier waar die gebed stop nie. Bly vir 'n paar minute stil en sit met jou oë toe en luister, God praat altyd.

Week 4 - Stukkies

Dit is hierdie aspek van voorsiening wat ons meeste van die tyd mis. God gee Homself! Vra vir jouself hierdie vraag af: Hoe kan ons ooit na Vader toe draai met 'n vraagteken op ons gesig, as Hy Homself gee om te voorsien in ons behoeftes? Hy het jou gemaak! Hy weet presies hoe jy inmekaar geweef is. Hy weet wat jy nodig het. Hy weet ook dat as Hy slegs gaan voorsien in dit wat ons vra, ons in elk geval nooit tevrede sal wees nie, daarom gee Hy Homself.

1. **Lees** Matteus 7:9-11. Wat merk jy op uit die teks?

2. **Persoonlike oordenking**. Julle hoef nie met mekaar te deel as julle nie gemaklik voel nie: Wanneer laas het jy net by Vader se voete gaan sit, om meer van Hom te beleef?

3. **Lees** Romeine 8:6. Die Engelse vertaling sê: "To be carnally minded is death, to be spiritualy minded is life and peace".
   Bespreek hierdie vers aan die hand van jou eie denke oor God se voorsiening?

4. **Lees** Romeine 12:2. Hoe kan nuwe denke ons help om God se voorsiening te verstaan? I.t.v. Liggaam, Siel en Gees, waar pas ons denke in?

Vra as 'n groep vir die Vader vir meer van Homself. En dan maak jy jou sitplek gordel vas, want Hy gee Homself in Sy volheid!

<u>Week 5</u> - Goddelike gesindheid

Bespreking: Laasweek het jy vir oomblik net stilgesit en geluister na Vader se stem. Deel met die groep wat jy gesien of gehoor het.

Daar is 'n algemene tendens onder Christene dat ons koponderstebo en afgemat moet lewe. Ons is afgesonder van die wêreld en moet alles in ons vermoë doen om heilig te lewe. Die ongeluk van die prentjie wat die wêreld vir ons skep oor hoe ons moet lyk en optree maak dat ons meeste van die tyd sonder vreugde rondloop en eintlik wegkwyn as swakkelinge want moenie vergeet nie: Christene moet altyd nederig wees ook nog.

1. As ons Vader die een is wat die heelal met Sy asem geskep het, en Hy die een is wat die skepping in die palm van Sy hand hou, en Jesus Christus die dood oorwin het sodat ek en jy kan vry wees van die magte van die duisternis, hoekom loop ons afgemat rond met skouers wat hang?
2. **Lees** Johannes 6:10-14. Wat merk jy op in Jesus se opdrag in vers 10?
3. Hoe is hierdie vers die sleutel tot Vader voorsiening? Iemand het eendag gesê: "We enter the Father's provision when we sit down at His feet".
4. Bespreek die volgende stelling aan die hand van Jesus se optrede in vers 11: "You don't need to chase the Joneses anymore, they are tired".

In vers 13 bly daar nog 12 mandjies vol kos oor nadat almal klaar geëet het. Jesus sê vir Sy dissipels om dit bymekaar te maak. Deur hierdie gebaar sê Jesus vir ons dat daar altyd nog mense daarbuite is wat geestelik kos nodig het. Ek en jy is as dissipels geroep en uitgestuur om vir die wat honger is daarbuite, die kos van die Evangelie te gaan gee.

<u>Gebed:</u> Here, ons glo dat U vir ons kan en sal voorsien. Help ons om dit ook met ander mense daarbuite te gaan deel.
Amen.